

# 2

## **My belydenis is 'n opsomming van my geloof** Ons prentjie van God

### **ONS DOELWIT**

Die jongmense moet weet dat ons geloofsbelydenisse die belangrikste aspekte opsom van wat ons glo en hoe ons moet leef.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die jongmense moet –

- weet die geloofsbelydenisse is 'n kort opsomming van die Bybel se waarhede;
- die name van die belydenisse en belydenisgeskifte ken; en
- die Apostoliese Geloofsbelydenis memoriseer.

#### **Gesindheid**

Die jongmense moet –

- bereid wees om die essensie of kern van hul geloof uit te leef en met ander te deel.

#### **Vaardigheid**

Die jongmense moet –

- 'n kort persoonlike geloofsbelydenis neerskryf; en
- hul geloof prakties met iemand gaan deel.

### **EK BREI MY EIE KENNIS UIT**

Wat werklik belangrik is oor God, leer ons net uit die Bybel. God maak Hom in die Bybel só volledig aan ons bekend as die enigste God dat ons met wat ons sê en wat ons doen, moet erken of bely dat ons in Hom glo. Die Bybel sê dat as ons glo, moet ons dit sê en ook gaan doen wat ons glo – ons bely dus ons geloof en ons leef dit uit (Romeine 10: 10 en Jakobus 2: 17).

Wanneer ek wil sê wat ek glo, moet ek die regte woorde gebruik, want anders weet ander mense nie presies wat ek bedoel nie. Ons hoef nie bang te wees dat ons nie die regte woorde gaan hê om te sê wat ons glo nie. Die kerk het baie jare gelede al daardie regte woorde

vir ons neergeskryf en dit vir ons geleer. Ons kan dit net so gebruik om te sê wat ons glo. Die geloofsbelydenisse wat ons in die kerk het, is dus mensewoorde wat kort en kernagtig saamvat wat die Bybel ons leer oor die drie-enige God en sy verhouding met ons. Onthou dus, dit is mensewoorde. Daarom kan daar foute daarin wees. Die geloofsbelydenisse moet dus voortdurend aan die Bybel getoets word of dit reg is.

Dit is goed as 'n gelowige mens weet hoe die belydenisse ontstaan het en wat die inhoud daarvan is.

Ons gebruik drie belydenisse in ons Kerk, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die geloofsbelydenis genoem na Athanasius. Omdat die belydenisse 'n baie kort samevatting van die belangrikste waarhede in die Bybel is, gebeur dit dat daar woorde of begrippe is wat verduidelik moet word. Hierdie verduideliking doen die kerk in die belydenisskrifte. Die drie belydenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. 'n *Belydenis* is dus 'n kort en kragtige opsomming van die hoofwaarhede van wat in die Bybel staan oor God Drie-enig en sy verhouding met ons. 'n *Belydenisskrif* is 'n verduideliking van sake, woorde en begrippe in die Bybel en die belydenisse.

## **DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS**

Hierdie belydenis dateer uit 150 nC, uit Rome. In hierdie belydenis word in 12 punte saamgevat wat die kerk glo. Daarom staan dit ook bekend as die Twaalf Artikels. Hierdie belydenis het deur al die eeue in die lewe van die kerk en in die erediens 'n besondere plek ingeneem.

## **DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA**

'n Ouderling genaamd Arius het geleer dat Jesus Christus slegs 'n mens was, en dit het geweldige onrus in die kerk, maar ook in die Romeinse Ryk, veroorsaak. Daarom het keiser Konstantyn 'n groot vergadering van biskoppe in Nicea byeengeroep om teenoor hierdie dwaalleer die ware geloof breër en suiwer te verwoord. By hierdie geleentheid in 325 nC is daar toe 'n geloofsbelydenis opgestel. Na 'n verdere stryd het daar in 381 nC nog 'n groot vergadering van biskoppe in Konstantinopel plaasgevind, waartydens die Geloofsbelydenis van Nicea herbevestig en ook ietwat uitvoeriger gemaak is.

Die Geloofsbelydenis van Nicea bely uitvoeriger as die Apostoliese Geloofsbelydenis oor die Godheid van Christus, maar ook oor die verhouding tussen die Seun en die Vader, en oor die verhouding tussen die Heilige Gees en die Vader en die Seun.

In die meeste gemeentes van ons Kerk word die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicea afwisselend gebruik.

## **DIE GELOOFSBELYDENIS GENOEM NA ATHANASIUS**

Hierdie geloofsbelydenis is waarskynlik in 428 nC opgestel. Anders as die ander twee geloofsbelydenisse, wat in Latyn opgestel is, is hierdie een in Grieks opgestel, waarskynlik in Rome.

Die verhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees word in hierdie belydenis nog breedvoeriger

as in die Geloofsbelydenis van Nicea beskryf. Ook beskryf dit hoe Jesus Christus mens geword het, en wat die verhouding tussen sy Goddelike en menslike natuur is.

Hierdie belydenis word nie in die erediens gebruik nie, grootliks vanweë sy lengte.

## **DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS**

Hoewel ons sê die Nederlandse *Geloofsbelydenis*, is hierdie 'n belydenisskrif, met ander woorde, 'n geskrif of 'n boek wat van die sake in die belydenisse verduidelik.

Ter wille van sy vervolgte geloofsgenote, het 'n jong Calvinistiese predikant van Doornik in die suide van die Nederlande (vandag België), Guido de Brès (1522-1567), in 1561 hierdie belydenis opgestel. Op dié wyse wou hy hul Calvinistiese geloof teenoor die Roomse owerheid verdedig. In 1563 het 'n sinode van die Nederlandse Kerk, wat vanweë die vervolgings in die geheim vergader het, dit as belydenis van die kerk aanvaar. In hierdie belydenisskrif word uitvoerig belydenis gedoen oor die belangrikste sake in die Bybel.

## **DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

Zacharius Ursinus het die Kategismus opgestel met die oog op die onderrig van veral die kinders. In 1563 is dit amptelik in gebruik geneem in die Paltz, terwyl dit in 1618-1619 by die Sinode van Dordrecht ook in die Nederlandse kerk as kategismus en belydenisskrif aanvaar is.

Hierdie belydenisskrif word die meeste in die kerk gebruik, omdat dit in baie katkisasieboeke verskyn en gesien word as die basis van 'n baie belangrike saak waarvan elke gelowige moet weet, naamlik –

- hoe groot my sonde en ellende is;
- hoe ek daarvan verlos kan word; en
- dat ek dankbaar moet wees dat ek verlos is.

## **DIE DORDTSE LEERREËLS**

Teen die einde van die 16de en die begin van die 17de eeu het daar in die kerk in Nederland 'n hewige stryd ontstaan oor die uitverkiesing, die vrye wil van die mens, die manier hoe 'n mens verlos word en die volharding van die gelowiges. Om die saak te besleg, is 'n sinode in 1618 in Dordrecht gehou en is die Dordtse Leerreëls opgestel om die regte leer te omlin. Die Leerreëls is in vyf hoofstukke ingedeel:

Hoofstuk 1: Goddelike uitverkiesing en verwerping.

Hoofstuk 2: Die dood van Christus en die verlossing van die mens deur sy dood.

Hoofstukke 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en hoe dit plaasvind.

Hoofstuk 5: Die volharding van die gelowiges.

## **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

### **Ek het nodig**

Dupliseer die lys met Bybelboeke, een vir elke persoon, sodat hulle die ontbrekende boeke kan invul.

**Naam:** .....

## **DIE BOEKE VAN DIE BYBEL**

### **DIE OU TESTAMENT**

Genesis; Eksodus; .....; Numeri; Deuteronomium; .....;  
Rigters; Rut; 1 Samuel; 2 Samuel; 1 Konings; .....; 1 Kronieke; 2 Kronieke;  
Esra; .....; Ester; Job; .....; Spreuke van Salomo; Prediker;  
Hooglied van Salomo; .....; Jeremia; Klaagliedere van Jeremia; Esegïël;  
.....; Hosea; Joël; Amos; .....; Jona; Miga; Nahum;  
.....; Sefanja; .....; Sagaria; .....

### **DIE NUWE TESTAMENT**

Matteus; Markus; .....; Johannes; .....;  
.....; 1 Korintiërs; 2 Korintiërs; .....; Efesiërs;  
Filippense; .....; 1 Tessalonisense; 2 Tessalonisense; .....;  
.....; Titus; Filemon; .....; Jakobus; 1 Petrus;  
2 Petrus; 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes; Judas; .....

## **IN DIE GROEPBYEENKOMS**

### **KOM ONS BEGIN**

Open deur belydenis van geloof te doen. Vra hulle dat terwyl jy die belydenis lees, elkeen ernstig moet nadink oor die waarhede wat julle bely. Byvoorbeeld: Wie is God die Vader? Wat beteken Hy in jou lewe? Wie is Jesus? Wat het Hy vir jou gedoen?

*Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.*

*En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;*

*wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;*

*wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;*

*wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;*

*wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,*

*vanwaar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.*

*Ek glo in die Heilige Gees.*

*Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;*

*die vergewing van sondes;*

*die wederopstanding van die vlees,*

*en 'n ewige lewe. Amen.*

## **WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?**

Kontroleer of hulle die volgende gedoen het:

- Op die internet gaan kyk het en minstens drie interessantheide uit die Bybel neergeskryf het.
- Die 1983-vertaling van die Bybel gratis vanaf die Bybelgenootskap op hul selfone of tablette afgelaai het.
- By [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan soek het na meer inligting oor die tema.

Lees die volgende stuk vir stuk hardop en laat hulle dinkskrum hou en die ontbrekende woorde in die oop spasies invul. Hulle mag nie terugblaai na verlede week se werk nie.

- Ons het beklemtoon hoe belangrik dit is om .....  
(die Bybel te kan gebruik), dit is ons wapen teen ..... (alles wat sleg is) en beskerm dit wat vir ons ..... (goed is).
- Lees die volgende tekse en wys hulle daarop dat die Bybel ons wapen is. Laat hulle die tekste gaan memoriseer.
  - ...vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God (Efesiërs 6: 17b).
  - Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! (Psalm 119: 9).
  - Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard (Hebreeërs 4: 12).

- Laat 'n paar van hulle die tekste hardop opsê. Sorg dat hul boeke toe is.
- Vra die volgende vraag: Waarom moet ek die name van die boeke van die Bybel memoriseer? (*Sodat ek paraat kan wees om my wapen, die Bybel, te gebruik.*)
- Deel die papier met die ontbrekende name van die Bybelboeke uit en laat hulle die name van die ontbrekende boeke invul.
- Ruil die papiere uit en laat hulle dit self merk. Laat hulle dit vir mekaar teruggee en vir jou inhandig na die ontmoeting.

## DIE BOEKE VAN DIE BYBEL

### DIE OU TESTAMENT

Genesis; Eksodus; **Levitikus**; Numeri; Deuteronomium; **Josua**; Rigters; Rut; 1 Samuel; 2 Samuel; 1 Konings; **2 Konings**; 1 Kronieke; 2 Kronieke; Esra; **Nehemia**; Ester; Job; **Psalms**; Spreuke van Salomo; Prediker; Hooglied van Salomo; **Jesaja**; Jeremia; Klaagliedere van Jeremia; Esegïel; **Daniël**; Hosea; Joël; Amos; **Odadja**; Jona; Miga; Nahum; **Habakuk**; Sefanja; **Haggai**; Sagaria; **Maleagi**

### DIE NUWE TESTAMENT

Matteus; Markus; **Lukas**; Johannes; **Die Handeling van die Apostels**; **Romeine**; 1 Korintiërs; 2 Korintiërs; **Galasiërs**; Efesiërs; Filippense; **Kolossense**; 1 Tessalonisense; 2 Tessalonisense; **1 Timoteus**; **2 Timoteus**; Titus; Filemon; **Hebreërs**; Jakobus; 1 Petrus; 2 Petrus; 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes; Judas; **Die Openbaring aan Johannes**

## VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

### BEGIN SO

Laat van die jongmense hul menings gee oor die volgende vrae en sake. Lei hulle na die regte antwoorde.

- Wat is 'n geloofsbelydenis? (*'n Belydenis is 'n baie kort en kragtige opsomming van die hoofwaarhede van wat in die Bybel staan oor God Drie-enig en sy verhouding met ons.*)
- Hoe sou jy te werk gaan om jou eie geloofsbelydenis op te stel? (*Ek sal dink aan wie God is, wat Hy alles vir my gedoen het en wat ek van Hom glo. Dit sal ek so duidelik moontlik met woorde probeer vasvang sodat nie net ek dit verstaan nie, maar ook die teikengehoor voor wie ek dit gaan bely.*)

### WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende om die jongmense met die inhoud vertrou te maak.

- Die kerk gebruik drie geloofsbelydenisse: God maak Hom in die Bybel só volledig aan ons bekend dat ons moet erken of bely dat ons in Hom glo.

- Die Bybel sê dat as ons *glo*, moet ons dit bely en uitleef (Romeine 10: 10 en Jakobus 2: 17).
- As ek bely, moet ek die regte woorde gebruik, anders weet mense nie wat ek bedoel nie.
- Die kerk het die regte woorde vir ons neergeskryf in die kerklike belydenisse.
- Ons kan dit net so gebruik om te sê wat ons glo.
- Hierdie geloofsbelydenisse is mensewoorde wat kort en kernagtig saamvat wat die Bybel ons leer oor die drie-enige God en sy verhouding met ons.
- Omdat dit mensewoorde is, kan daar foute daarin wees.
- Die geloofsbelydenisse moet dus voortdurend aan die Bybel getoets word of dit reg is.
- Die kerk gebruik drie geloofsbelydenisse:
  - Apostoliese Geloofsbelydenis.
  - Geloofsbelydenis van Nicea.
  - Geloofsbelydenis genoem na Athanasius.
- Ons het drie belydenisskrifte waarin sake, woorde en begrippe in die Bybel en die belydenisse verduidelik word:
  - Nederlandse Geloofsbelydenis.
  - Heidelbergse Kategismus.
  - Dordtse Leerreëls.

Verduidelik vir die jongmense dat hierdie belydenisse en belydenisskrifte –

- elkeen 'n eie geskiedenis het en dat dié geskiedenis in hul boeke opgeneem is;
- die belangrikste dinge wat ek oor God se liefde hoef te weet vir ons só kort opsom dat ons dit uit ons koppe kan leer; en
- ons help om God te ken en daardie kennis só ons eie laat word dat dit ons enigste troos word in hierdie lewe, met al sy gebeurlikhede, en ook in die ewige lewe.

## **ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET**

Skerp die volgende weer in deur vrae te vrae en kwessies te bespreek. Laat hulle dit in hul boeke inskryf.

- Hoedanig maak God Homself in die Bybel bekend? (*God maak Hom in die Bybel só volledig aan ons bekend dat ons moet erken of bely dat ons in Hom glo.*)
- Wat sê die Bybel moet ons doen as ons glo? (*Die Bybel sê dat as ons glo, moet ons dit bely en uitleef.*)
- Hoekom moet ek die regte woorde gebruik as ek belydenis doen? (*As ek bely, moet ek die regte woorde gebruik, anders weet mense nie wat ek bedoel nie.*)
- Wie het die regte woorde vir ons geskryf en waar kry ons dit? (*Die kerk het die regte woorde vir ons neergeskryf in die kerklike belydenisse.*)
- Kan jy kortliks sê wat 'n geloofsbelydenis is? (*Geloofsbelydenisse is mensewoorde wat kort en kernagtig saamvat wat die Bybel ons leer oor die drie-enige God en sy verhouding met ons.*)
- Hoekom moet geloofsbelydenisse altyd aan die Bybel getoets word? (*Omdat dit mensewoorde is, kan daar foute daarin wees.*)
- Noem drie geloofsbelydenisse.
  - Apostoliese Geloofsbelydenis.
  - Geloofsbelydenis van Nicea.
  - Geloofsbelydenis genoem na Athanasius.
- Wat is 'n belydenisskrif? (*In 'n belydenisskrif word sake, woorde en begrippe in die Bybel en die belydenisse verduidelik.*)

- Noem drie belydenisskrifte.
  - Nederlandse Geloofsbelydenis.
  - Heidelbergse Kategismus.
  - Dordtse Leerreëls.

Verduidelik hoe jy voel as jy byvoorbeeld die Twaalf Artikels (of een van die ander belydenisse) hoor. (*Ek voel getroos, want ek het 'n hemelse Vader wat vir my sorg, Jesus die Verlosser wat ons verlos, en die Heilige Gees wat altyd by my is.*)

### iets om in die klas te doen

Lees Romeine 10: 9-10 en Jakobus 2: 17 hieronder hardop. Laat die jongmense hul Bybels oopmaak by hierdie verse. Doen dan ter inskerping die Bybelstudie wat daarop volg. Kry eers soveel antwoorde moontlik by hulle voordat jy regstellings maak indien nodig.

#### Romeine 10: 9-10

*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.*

#### Jakobus 2: 17

*So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*

Vra die volgende vrae en laat hulle antwoorde in die tekste in hul Bybels soek en hul eie algemene kennis gebruik:

- Noem net die twee werkwoorde van wat jy moet doen om gered te word. (*Jy moet **bely** en jy moet **glo**.*)
- Wat moet jy bely? (*Jy moet bely dat Jesus die Here is.*)
- Wat beteken dit dat Jesus die Here is? (*“Here” beteken “baas”, “eienaar”, “besitter”, “die een wat jou gekoop het en nou jou eienaar is”, en nog meer. As ons bely Jesus in die Here, sê en erken ons daarmee dat Hy ons eienaar is, ons is Syne, ons is so kosbaar, want Hy het die duurste prys vir ons betaal – sy bloed, sy lewe! Ons is sy eiendom, want Hy het ons losgekoop en vrygemaak van Satan, die sonde en die dood. Die prys wat Hy betaal het, was sy lewe toe Hy aan 'n kruis gesterf het. MAAR nou is Hy dood. Wat help dit?*)
- Wat moet ons glo, wat lees jy in die teks? (*Jy moet glo dat God Jesus uit die dood opgewek het. God het vir ons die dood oorwin. Hy het Jesus lewendig gemaak. Dus kan Hy ons ook lewendig maak. Die Bybel sê so en die Heilige Gees laat ons dit glo. Dit is sulke wonderlike nuus dat jy dit in die openbaar sê, ja, selfs uitskreeu, dat die hele wêreld dit kan hoor.*)
- As jy dit glo en as jy dit bely, wat dan? (*Jy sal vrygespreek en gered word.*)

### ---- BOODSKAP ----

**Hierdie wêreld, die lewe, mense kan ons nooit vir ewig gelukkig maak en ons troos te midde van al die hartseer en trauma en selfs die dood nie. Ons enigste troos is dat ons Jesus se eiendom is. So kosbaar is ons vir Hom dat Hy met sy lewe vir ons betaal het. Dit is sulke goeie nuus dat ons dit oral en altyd sal bely. Die kerk gee vir ons belydenisse waarmee ons met die regte woorde hierdie nuus vir die wêreld kan vertel.**



- Dra ons hierdie goeie nuus oor aan ander mense en bly dan passief, onaangeraak staan? (*Nee, onthou wat in Jakobus 2: 17 staan: "So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."*)
- Tot watter dade behoort 'n kind van die Here se geloof oor te gaan? (*Hier is baie antwoorde moontlik. Dade wat uit geloof gedoen word, sluit die volgende in:*
  - *Om die Here en sy saak belangriker te ag as enigiets anders.*
  - *Om die Here se Naam nie te misbruik deur onder andere voor te gee jy is sy kind, maar dan ondankbaar en ongehoorsaam aan Hom te lewe nie.*
  - *Om op Sondae tyd te maak vir die Here deur kerk toe te gaan, tyd te maak vir mense in nood en hulle te help, tyd te maak vir jou eie gesin en vir jouself deur te ontspan.*
  - *Om respek te betoon teenoor jou ouers, onderwysers, alle gesagdraers, ensovoorts.*
  - *Om niemand dood te maak of enigsins te benadeel met wat jy sê of wat jy doen nie.*
  - *Om jou man of vrou lief te hê en om nie seksuele verhoudings voor jou huwelik te hê of met ander persone terwyl jy getroud is of as jy wewenaar of weduwee is nie.*
  - *Om respek te hê vir ander mense se eiendom; dit nie te verniel of te beskadig of te steel nie; vir alle mense te gun wat jy vir jouself opeis. Om ander wat swaarkry en arm is, te help en te versorg.*
  - *Om nie van ander mense te skinder of enigiets negatief te sê wat hulle kan benadeel nie.*
  - *Om nie wêreldse goed so na te jaag dat dit ander mense benadeel, jou verhouding met God laat versleg of van jouself 'n dief maak nie.*

----- **BOODSKAP** -----

**Om gelowig te wees en nie liefdevol te lewe nie, is net nie logies nie. Dit kan nie! Dan het jy nie saam met Jesus lewendig geword nie. Geloof wat nie tot dade oorgaan nie, is dood – en as jou geloof dood is, is jy ook dood. Alles in die wêreld gaan dan ook vir jou dood wees. Jy gaan jou dood bekommer, jy gaan bang wees tot die dood toe, jy gaan sonder hoop wees. As jou geloof jou aanspoor om God lief te hê bo alles, gaan Hy jou gemoedsrus gee. As jou geloof jou aanspoor om goed te doen aan ander, gaan dit jou ook goed laat voel. Dit maak jou gelukkiger om te gee as om te ontvang.**

-----  
**HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD**

**RADIKALE DISSIPELSKAP**

- Laat hulle in hul boeke gaan lees wat hulle geskryf het oor tot watter dade 'n kind van die Here se geloof behoort oor te gaan (Jakobus 2: 17).
- Laat hulle elke dag met hul stiltetyd afmerk of hulle daaraan voldoen het. Indien nie, moet hulle besef hoe groot hul sonde en ellende is (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 2), en die Here Jesus dank dat Hy hulle verlos en vergewe het. Hulle doen net een rytjie hierdie week. Ons gaan later vanjaar weer daarna terugkeer.
- Vra dat hulle dit 'n vaste gewoonte moet maak om gereeld hul lewenswyse te toets.
- Laat hulle gaan neerskryf –
  - hoe hulle voel na hierdie ontmoetingsgeleentheid. (*Ek voel getroos, want ek het 'n hemelse Vader wat vir my sorg, Jesus die Verlosser wat ons verlos, en die Heilige Gees wat altyd by my is.*)

- watter praktiese daad hulle gedoen het om die essensie of die kern van hul geloof uit te leef en met ander te deel. (*Enigiets wat hulle gedoen het, is hier moontlik – om vir iemand wat hulle dink die Here nie ken nie, van die Here te vertel; iemand van wie hulle nie hou nie, met iets te help; vriendelik te wees waar hulle dalk altyd ongeskik was; iemand wat hulle gedink het die slegte kant van die lewe verdien, te gaan ophelp en bemoedig; iemand verskoning te gaan vra en te vergewe waar hulle tot nou geweier het om dit te doen; ensovoorts.*)
- Laat hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan kyk of daar meer inligting oor hierdie tema is.

### **HULLE KRY HULSELF PARAAT**

- Laat hulle die name van die belydenisse en belydenisskrifte gaan leer.
- Laat hulle die Apostoliese Geloofsbelydenis uit hul koppe gaan leer.
- Reël met twee van die jongmense dat een van hulle volgende week open en die ander een afsluit. Hulle kan eie inisiatief gebruik.

### **BELANGRIK**

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

### **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 265 as gebed.

*Enigste Here, enkele Wese,  
ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:  
U is vir ewig God en Heer.*

*U, onbegryplik, U is onsienlik,  
altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig –  
U is die bron van alle goed.  
Amen.*